# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

**10c** **Friday, 17 January 1969** **WINDHOEK** **Vrydag, 17 Januarie 1969** **No. 2959**


CONTENTS

INHOUD *Page/Bladsy*


**GOVERNMENT NOTICES**

No. 2264/68 (Republic) Drugs Control Act, 1965: Draft Regulations . . . . . . . . .

No. 2265/68 (Republic) Drugs Control Act, 1965: Exclusion from the Operation of the Act of Drugs in respect of which the Manufacture has been discontinued and Exemption granted until such time as Existing Stocks are depleted .

No. R.2266/68 (Republic) Medical Schemes Act, 1967: Tariff of Fees in respect of Dental Services

No. 2271/68 (Republic) Recognition of Honorary Consul of Belgium in Windhoek . . . . .

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:**

(Republiek) Wet op die Beheer van Medisyne, 1965: Konsepregulasies . . . . . . . . . 2

(Republiek) Wet op die Beheer van Medisyne, 1956: Uitsluiting van die Toepassing van die Wet ten Opsigte van Medisyne waarvan die Vervaardiging gestaak is en Vrystelling verleen is tot tyd en wyl bestaande Voorrade uitgeput is . . . . . . . 3

(Republiek) Wet op Mediese Skemas, 1967: Geldetarief ten opsigte van Tandheelkundige Dienste . . 5

(Republiek) Erkenning van Erekonsul van België in Windhoek . . . . . . . . . . . 8


## Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

## Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

## DEPARTMENT OF HEALTH

No. 2264 13 December 1968

DRUGS CONTROL ACT, 1965, AS AMENDED

DRAFT REGULATION

It is hereby notified for general information in terms of section 35 (6) of the Drugs Control Act, 1965 (Act No. 101 of 1965), that the Minister of Health, in the exercise of the powers vested in him by section 35 (4) of the said Act, and after consultation with the Drugs Control Council established under section 2 of the said Act, intends amending the regulations promulgated by Government Notice No. R. 2025, dated 15 December 1967, by the addition after regulation 3 of the following new regulation.

Interested persons and organisations are invited to submit comments on, or representations in regard to, the draft regulation within three months of the date hereof to the Registrar of Drugs, Private Bag 88, Pretoria.

"3. (*a*) The following fee shall be payable to the Registrar: —

(i) In respect of the registration of a drug: R60.

(ii) Annually, in respect of the retention of the registration of a drug for which a certificate of registration was issued in terms of section 15 (4) of the Act: R20.

The first payment of the prescribed fee shall be made after a drug has been registered for one year, and thereafter regularly each year within 30 days of this date."

## DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. 2264 13 Desember 1968

WET OP DIE BEHEER VAN MEDISYNE, 1965, SOOS GEWYSIG

KONSEPREGULASIE

Hierby word vir algemene inligting ingevolge artikel 35 (6) van die Wet op die Beheer van Medisyne, 1965 (Wet No. 101 van 1965), bekendgemaak dat die Minister van Gesondheid in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by artikel 35 (4) van genoemde Wet en na oorlegpleging met die Medisyne-beheerraad ingestel by artikel 2 van genoemde Wet, voornemens is om die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 2025 van 15 Desember 1967 te wysig deur die volgende nuwe regulasie na regulasie 3 by te voeg.

Belanghebbende persone en organisasies word uitgenooi om binne drie maande na die datum hiervan opmerkings oor of vertoë in verband met die konsepregulasie by die Registrateur van Medisyne, Privaatsak 88, Pretoria, in te dien.

„3. (*a*) Die volgende gelde is betaalbaar aan die Registrateur: —

(i) Ten opsigte van die registrasie van 'n medisyne: R60.

(ii) Jaarliks ten opsigte van die behoud van die registrasie van 'n medisyne waarvoor 'n registrasiesertifikaat ingevolge artikel 15 (4) van die Wet uitgereik is: R20.

Die eerste betaling van die voorgeskrewe gelde moet geskied nadat 'n medisyne vir 'n tydperk van een jaar geregistreer was, en daarna gereeld jaarliks binne 30 dae na hierdie datum."

No. 2265 13 December 1968

## DRUGS CONTROL ACT, 1965, AS AMENDED

## EXCLUSION FROM THE OPERATION OF THE ACT OF DRUGS IN RESPECT OF WHICH THE MANUFACTURE HAS BEEN DISCONTINUED AND EXEMPTION GRANTED UNTIL SUCH TIME AS EXISTING STOCKS ARE DEPLETED

The Minister of Health has, in the exercise of the powers conferred upon him by section 36 of the Drugs Control Act, 1965 (Act No. 101 of 1965), and on the unanimous recommendation of the Drugs Control Council established in terms of section 2 of the said Act, excluded the following drugs, subject to the conditions as indicated, from the operation of the provisions of section 14 (1) of the aforementioned Act: —

No. 2265 13 Desember 1968

## WET OP DIE BEHEER VAN MEDISYNE, 1965, SOOS GEWYSIG.

## UITSLUITING VAN DIE TOEPASSING VAN DIE WET TEN OPSIGTE VAN MEDISYNE WAARVAN DIE VERVAARDIGING GESTAAK IS EN VRYSTELLING VERLEEN IS TOT TYD EN WYL BESTAANDE VOORRAAD UITGEPUT IS

Die Minister van Gesondheid het in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by artikel 36 van die Wet op die Beheer van Medisyne, 1965 (Wet No. 101 van 1965), en op eenparige aanbeveling van die Medisynebeheerraad, ingestel by artikel 2 van genoemde Wet, die volgende medisyne, behoudens die voorwaardes soos aangedui, uitgesluit van die toepassing van die bepalings van artikel 14 (1) van voormelde Wet: —

| Name and business address of applicant<br>Naam en sakeadres van applikant | Name of drug<br>Naam van medisyne | Form of preparation<br>Bereidingsvorm | Period approved during which sales may be made<br>Tydperk goedgekeur waartydens verkope mag geskied |
|---|---|---|---|
| 1. B.P.D. (S.A.) (Pty) Ltd, P.O. Box/Posbus 45, Jeppestown, Transvaal | Furamide compound, 15's | Tablets/Tablette | |
| | Furamide compound, 250's | Tablets/Tablette | Until/Tot 30/9/69. |
| | Sodium sulphacetamide/Natrium sulfasetamien | Powder/Poeier | |
| 2. Ciba (Pty) Ltd, P.O. Box/Posbus 92, Isando, Transvaal | Elkosin (R) | Syrup and tablets/Stroop en tablette | |
| | Ciba (R) 1906 | Tablets/Tablette | Until/Tot 5/8/69. |
| | Orisul (R) | Syrup and tablets/stroop en tablette | |
| | Vionactane | Dry powder / Droë poeier | |
| 3. F.B.A. Pharmaceuticals (S.A.) (Pty) Ltd, P.O. Box/Posbus 10233, Johannesburg | Sodium para-aminosalicylate B.P. / Natriumpara-aminosalisilaat B.P. | Tablets/Tablette | |
| | Benzylpenicillin G potassium B.P./ Bensielpenisilien G kalium B.P. | Tablets/Tablette | |
| | Isoniazid/Isoniasied, 200 mg | Tablets/Tablette | Until/Tot 5/8/69. |
| | Isoniazid/Isoniasied, 50 mg | Tablets/Tablette | |
| | Chloroquin phosphate/Chlorokienfosfaat, 250 mg | Tablets/Tablette | |
| 4. Glaxo-Allenbury's (S.A.) (Pty) Ltd, P.O. Box/Posbus 485, Germiston | Mebadin | Tablets/Tablette | Until/Tot 5/8/69. |
| | Mebadin | Injection/Inspuiting | |
| 5. Hoechst Pharmaceuticals (Pty) Ltd, P.O. Box/Posbus 6892, Johannesburg | Hostacycline I.M., 100 mg | Injection/Inspuiting | Until/Tot 5/8/69. |
| | Hostacycline I.V., 500 mg | Injection/Inspuiting | |
| 6. Lennon Ltd, P.O. Box/Posbus 4002, Port Elizabeth | Mist sulpha tuplex | Suspension/Suspensie | |
| | I.N.H.with vitamin/met vitamien | Tablets/Tablette | |
| | I.N.H., 200 mg | Tablets/Tablette | Until/Tot 30/9/69 |
| | I.N.H., 300 mg | Tablets/Tablette | |
| | Thiacetazone/Tiasetasoon, 25 mg | Tablets/Tablette | |
| 7. Medical and Hospital Supplies (Pty) Ltd, P.O. Box/Posbus 130, Pretoria | Sulfamethiazole/Sulfametiasool | Tablets/Tablette | |
| | Sulphadimethoxine/Sulfadimetoksien | Tablets/Tablette | Until/Tot 5/8/69. |
| | Sulphafurazole/Sulfafurasool | Tablets/Tablette | |
| | Triple sulfa W/Q | Suspension/Suspensie | |
| 8. Parke-Davis Laboratories (Pty) Ltd, P.O. Box/Posbus 24, Isando, Transvaal | Sulphamethoxypyridazine / Sulfametoksipiridasien | Tablets/Tablette | Until/Tot 5/8/69. |
| 9. Pentagon Farmaseutiese Korporasie (Edms.) Bpk., P.O. Box/Posbus 3157, Johannesburg | Lemocin C | Lozenges/Suigtablette | |
| | Ospen | Syrup/Stroop | |
| | Ospen, 120 mg | Tablets/Tablette | |
| | Ospen, 240 mg | Tablets/Tablette | Until/Tot 5/8/69. |
| | Penicillin V.K./Penisillien V.K., 125 mg | Tablets/Tablette | |
| | Penicillin V.K./Penisillien V.K., 250 mg | Tablets/Tablette | |
| 10. Pfizer Laboratories (Pty) Ltd, P.O. Box/Posbus 359, Johannesburg | Combiotic-S, 0·5 gm | Injection/Inspuiting | |
| | Combiotic-S, 1 gm | Injection/Inspuiting | |
| | Streptohydrazid | Injection/Inspuiting | |
| | Streptomycin/Streptomisien, 5 gm | Suspension/Suspensie | Until/Tot 31/5/69. |
| | Streptomycin/Streptomisien, 5 gm | Solution/Oplossing | |
| | Streptomycin/Streptomisien, 1 gm | Dry powder / Droë poeier | |

| Name and business address of applicant<br>Naam en sakeadres van applikant | Name of drug<br>Naam van medisyne | Form of preparation<br>Bereidingsvorm | Period approved during which sales may be made<br>Tydperk goedgekeur waartydens verkope mag geskied |
|---|---|---|---|
| 11. Pharmakon Manufacturing Laboratories (Pty) Ltd, P.O. Box/Posbus 290, Kimberley | Antiseptic healing ointment | Ointment/Salf | Until/Tot 5/8/69. |
| | Isoniazid/Isoniasied | Tablets/Tablette | |
| | Pectikon | Solution/Oplossing | |
| | Sulphaguanidine/Sulfaguanidien | Tablets/Tablette | |
| | Sulphanilamide/Sulfanilamied | Tablets/Tablette | |
| | Sulphadimidine/Sulfadimidien | Tablets/Tablette | |
| | Sulphathiazole/Sulfatiasool | Tablets/Tablette | |
| | Sulphadiazine Jnr | Tablets/Tablette | |
| | Sulphaguanidine Jnr | Tablets/Tablette | |
| | Trisulphon T | Solution/Oplossing | |
| | Trisulphon T Jnr | Tablets/Tablette | |
| | Trisulphon D, 0·162 g | Tablets/Tablette | |
| 12. Roche Products (Pty) Ltd, P.O. Box/Posbus 129, Isando, Transvaal | Gantrisin | Eye ointment/Oogsalf | Until/Tot 5/8/69. |
| | Madribon | Ampoules/Ampulle | |
| 13. Satab Laboratories (Pty) Ltd, P.O. Box/Posbus 32, Isando, Transvaal | Sulfadiazine/Sulfadiasien | Tablets/Tablette | Until/Tot 5/8/69. |
| | Triple sulpha | Tablets/Tablette | |
| | Sulfafurazole/Sulfafurasool | Tablets/Tablette | |
| | Sulfaguanidine/Sulfaguanidien | Tablets/Tablette | |
| | Sulfanilamide/Sulfanilamied | Tablets/Tablette | |
| | Sulfathiazole/Sulfatiasool | Tablets/Tablette | |
| | Mist triple sulpha | Suspension/Suspensie | |
| | Lectropect with sulfaguanidine | Solution/Oplossing | |
| 14. S.C.S. Pharmaceutical Laboratories (Pty) Ltd, P.O. Box/Posbus 8184, Johannesburg | I.N.H., 200 mg | Tablets/Tablette | Until/Tot 5/8/69. |
| | I.N.H., 100 mg | Tablets/Tablette | |
| | I.N.H. with vitamins and thiacetazone/ I.N.H. met vitamiene en tiasetasoon | Tablets/Tablette | |
| | Isothetazone 200/50 | Tablets/Tablette | |
| | Isothetazone 300/35 | Tablets/Tablette | |
| | Isothetazone 200/25 | Tablets/Tablette | |
| | Neocarb 300/25 | Tablets/Tablette | |
| | Tiacetazone/Tiasetasoon, 40 mg | Tablets/Tablette | |
| | Thiacetazone/Tiasetasoon | Tablets/Tablette | |
| | Sulphasomidine/Sulfasomidien | Tablets/Tablette | |
| | Sulphadiazine/Sulfadiasien | Tablets/Tablette | |
| | Sulphanilamide/Sulfanilamied | Tablets/Tablette | |
| 15. Squibb Laboratories (Pty) Ltd, P.O. Box/ Posbus 48, Isando, Transvaal | Crysticillin 300 AS | Injection/Inspuiting | Until/Tot 31/12/68 |
| | Dicrysticin-S | Injection/Inspuiting | Until/Tot 5/8/69. |
| | Graneodin | Ointment/Salf | |
| 16. Vernleigh Products (Pty) Ltd, P.O. Box/Posbus 9027, Johannesburg | Unisulph | Syrup/Stroop | Until/Tot 5/8/69. |
| 17. Novo Industries (Pty) Ltd, 203 Main Street/ -straat. Johannesburg | Fenoxypen, 5 ml | Suspension/Suspensie | Until/Tot 31/5/69. |
| | Fenoxypen, 12 ml | Tablets/Tablette | |
| | Fenoxypen, 100 ml | Tablets/Tablette | |
| | Fenoxypen, 500 ml | Tablets/Tablette | |

# GOVERNMENT NOTICE

## DEPARTMENT OF HEALTH

No. R. 2266 13 December 1968

MEDICAL SCHEMES ACT, 1967

I, Carel de Wet, Minister of Health, hereby publish an amended tariff of fees in respect of dental services as provided in section 30 (2) of the Medical Schemes Act, 1967 (Act No. 72 of 1967).

### TARIFF OF FEES IN RESPECT OF DENTAL SERVICES

*General Rules Governing the Tariff*

001. Except in those cases where the fee is "by arrangement", the fee in respect of the rendering of a service which is not listed in the Tariff shall be based on the fee in respect of a comparable service in the Tariff.

002. Unless timely steps were taken to cancel an appointment made by a member of a scheme or a dependant of such member, the examination fee may be charged to the member for his own account.

003. In exceptional cases where the Tariff fee is disproportionately low in relation to the actual services rendered by a dental practitioner, such higher fee as may be agreed upon between the dental practitioner and the scheme may be charged. If the tariff is disproportionately high in relation to the actual services rendered, a lower fee proportionate to such services shall be charged.

004. Save in exceptional cases the services of a specialist shall only be available through the recommendation of the attending dental or medical practitioner. Referring practitioners shall indicate to the specialists whether the patient is a member of a medical scheme or a dependant of such member.

005. If the customary fee in an area is lower than the Tariff fee, such lower fee should be charged. Reduced fees should also be charged if the dental practitioner would have reduced his fee in private practice.

A—35259

# GOEWERMENTSKENNISGEWING

## DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. R. 2266 13 Desember 1968

WET OP MEDIESE SKEMAS, 1967

Ek, Carel de Wet, Minister van Gesondheid, kondig hierby af 'n gewysigde geldetarief ten opsigte van tandheelkundige dienste soos bepaal by artikel 30 (2) van die Wet op Mediese Skemas, 1967 (Wet No. 72 van 1967).

### GELDETARIEF TEN OPSIGTE VAN TANDHEELKUNDIGE DIENSTE

*Algemene Reëls wat ten Opsigte van die Tarief Geld*

001. Behalwe gevalle waar 'n bedrag „volgens ooreenkoms" geëis mag word, moet die bedrag wat geëis word ten opsigte van die lewering van 'n diens wat nie in die geldetarief ingesluit is nie, gebaseer wees op die bedrag ten opsigte van 'n vergelykbare diens in die geldetarief.

002. Tensy stappe vroegtydig gedoen is om 'n afspraak wat 'n lid van 'n skema of die afhanklike van sodanige lid gemaak het, te kanselleer, mag die tariefgelde ten opsigte van 'n ondersoek gehef word vir betaling deur sodanige lid.

003. In buitengewone gevalle waar die tariefgelde ongelykmatig laag is in verhouding tot die dienste werklik deur 'n tandarts gelewer, mag sodanige hoër gelde gehef word waarop die tandarts en die skema mag ooreenkom. Indien tariefgelde ongelykmatig hoog is in verhouding tot die dienste wat werklik gelewer is, moet gelde wat in verhouding tot sodanige dienste is, gehef word.

004. Behalwe in buitengewone gevalle sal die dienste van 'n spesialis slegs beskikbaar wees op die aanbeveling van die tandarts of algemene praktisyn wat oor die geval gaan. Praktisyns wat gevalle verwys, moet vir die spesialis aandui of die pasiënt 'n lid van 'n mediese skema of 'n afhanklike van sodanige lid is.

005. Indien dit die gebruik in 'n gebied is om 'n laer bedrag te hef as dié in die geldetarief, behoort sodanige laer gelde gehef te word. Verminderde gelde behoort ook gehef te word indien die tandarts verminderde gelde in private praktyk sou gehef het.

006. In so far as the rules of any scheme provide, accounts in accordance with the Tariff of fees shall be paid in full by such scheme. In the case of prolonged or costly dental service or procedure the dental practitioner should ascertain beforehand from the scheme whether it will accept financial responsibility in respect of such treatment.

007. Every dental practitioner shall render a monthly account in respect of any service rendered during the month, irrespective of whether the treatment is completed or not. If payment of an account is not received after two consecutive monthly accounts have been rendered to a member of a scheme, the third monthly account shall be sent directly to the scheme concerned, giving the full name and address (home and business if possible) of the member, together with the name of his employer, bearing the words, written prominently in red, "two months overdue, please investigate".

008. If a dental practitioner accepts payment from a medical scheme at Tariff rates, such payment shall be deemed to be in full settlement of the account.

009. There is no compulsion on medical schemes to pay for services rendered under section 900 of the tariff. The tariff fees shall apply only where the medical scheme pays the account as rendered in full.

010. "By arrangement" shall mean that the practitioner will advise his patient of the cost of the treatment or procedures and that patient in his capacity as a member of a medical aid scheme, shall ascertain whether his scheme will meet the account of the practitioner in full. If the scheme agrees to make direct payment to the practitioner in full on the basis of this arranged fee, then payment of the account by the scheme shall be in full and final settlement of the treatment or procedures given to the member.

011. Where a general anaesthetic is administered by a dental practitioner, the fee charged shall be the fee applicable to a general practitioner as set out in section 14 of the medical tariff as published in *Government Gazette Extraordinary* No. 1834, dated 1 September 1967.

| | | R |
|---|---|---|
| 100 | *Consultations and procedures under general anaesthesia:* | |
| 101 | At surgery (at request of registered practitioner)..... | 2.00 |
| 102 | Domiciliary and hospital visits ................. | 4.00 |
| 103 | Double fee for emergency conservative treatment or extractions performed at hospitals or house. | |
| 104 | Examination only (where no treatment or procedure is necessary within a period of three months)...... | 2.00 |
| 105 | Additional fee for any procedure under general anaesthesia. ................................ | 4.00 |
| 200 | *Preventive dentistry:* | |
| 201 | Topical application of fluorides, per visit (30 minutes)................................... | 4.00 |
| 202 | Prophylaxis, per visit (30 minutes)............... | 4.00 |
| 300 | *Radiology:* | |
| 301 | Intra-oral roentgenograms (where no other treatment is performed), per film.................. | 2.00 |
| 302 | Intra-oral roentgenograms (where other treatment is performed), per film......................... | 1.50 |
| 303 | Intra-oral roentgenograms, full mouth............ | 10.00 |
| 304 | Occlusal roentgenograms, per film................ | 2.50 |
| 305 | Extra-oral roentgenograms, per film.............. | 4.50 |
| 400 | *Treatment of oral diseases (oral medicine):* | |
| 401 | Per visit (30 minutes)........................... | 4.00 |
| 402 | Paradontal treatment, per visit. ................. | 4.00 |
| 500 | *Exodontics:* | |
| 501 | Per single extraction under local anaesthesia........ | 2.50 |
| 502 | Two extractions under local anaesthesia at same session.................................... | 3.00 |

006. Vir sover die reëls van enige skema bepaal, sal rekenings ooreenkomstig die geldetarief ten volle deur sodanige skema betaal word. In die geval van langdurige of duur tandheelkundige dienste of prosedure moet die tandarts vooraf by die skema vasstel of die skema geldelike verantwoordelikheid ten opsigte van die behandeling sal aanvaar.

007. Elke tandarts moet maandeliks 'n rekening lewer ten opsigte van enige diens gedurende daardie maand gelewer, ongeag of die behandeling voltooi is al dan nie. Indien, nadat 'n rekening vir twee agtereenvolgende maande aan 'n lid van 'n mediese skema gelewer is, betaling daarvan nie ontvang is nie word die derde maandelikse rekening direk aan die betrokke skema gestuur met verstrekking van die volle naam en adres (huis- en besigheidsadres indien moontlik) van die lid asook die naam van sy werkgewer en met die woorde „twee maande uitstaande, ondersoek asseblief" duidelik in rooi daarop aangebring.

008. Indien 'n tandarts betaling deur 'n mediese skema teen die geldetarief aanvaar, word sodanige betaling geag ten volle vereffening van die rekening te wees.

009. Daar rus geen verpligting op mediese skemas om vir dienste gelewer onder afdeling 900 van die geldetarief te betaal nie. Die geldetarief sal slegs van toepassing wees waar die mediese skema die rekening soos gelewer ten volle betaal.

010. „Volgens ooreenkoms" beteken dat die praktisyn sy pasiënt sal verwittig aangaande die koste van die behandeling of prosedure en dat die pasiënt, in sy hoedanigheid as 'n lid van 'n mediese hulpskema, sal vasstel of die skema waarvan hy 'n lid is die rekening van die praktisyn ten volle sal vereffen. Indien die skema toestem om betaling direk aan die praktisyn en ten volle op die grondslag van die ooreengekome gelde te maak, sal betaling van die rekening deur die skema ten volle en finale vereffening wees ten opsigte van die behandeling of prosedures wat aan die lid gelewer is.

011. Waar 'n algemene narkose deur 'n tandarts toegedien word, sal die gelde wat gehef word die gelde wees wat van toepassing is op 'n algemene praktisyn soos uiteengesit in afdeling 14 van die geldetarief ten opsigte van mediese dienste soos gepubliseer in *Buitengewone Staatskoerant* No. 1834 van 1 September 1967.

| | | R |
|---|---|---|
| 100 | *Konsultasies en prosedures onder algemene narkose:* | |
| 101 | In spreekkamer (op versoek van geregistreerde praktisyn)...................................... | 2.00 |
| 102 | Tuis- en hospitaalbesoeke....................... | 4.00 |
| 103 | Dubbelfooi vir noodkonserverende behandeling of ekstraksies uitgevoer by hospitale of tuis | |
| 104 | Alleenlik ondersoek (waar geen behandeling of prosedure binne 'n tydperk van 3 maande nodig is nie) | 2.00 |
| 105 | Bykomstige fooi vir enige prosedure onder algemene narkose..................................... | 4.00 |
| 200 | *Voorkomende tandheelkunde:* | |
| 201 | Oppervlakte aanwending van fluor, per besoek (30 minute)................................ | 4.00 |
| 202 | Profilakse, per besoek (30 minute)................. | 4.00 |
| 300 | *Radiologie:* | |
| 301 | Binnemondse röntgenfoto's (waar geen ander behandeling uitgevoer word nie), per film.......... | 2.00 |
| 302 | Binnemondse röntgenfoto's (waar ander behandeling uitgevoer word), per film.................. | 1.50 |
| 303 | Binnemondse röntgenfoto's, volmonds............ | 10.00 |
| 304 | Okklusale röntgenfoto's, per film................ | 2.50 |
| 305 | Buitemondse röntgenfoto's, per film............. | 4.50 |
| 400 | *Behandeling van mondsiektes (mondgeneeskunde):* | |
| 401 | Per besoek (30 minute)........................ | 4.00 |
| 402 | Paradontale behandeling, per besoek............. | 4.00 |
| 500 | *Ekstraksies:* | |
| 501 | Per enkele ekstraksie onder plaaslike verdowing.... | 2.50 |
| 502 | Twee ekstraksies onder plaaslike verdowing by dieselfde sessie..................................... | 3.00 |

| | | R |
|---|---|---|
| 503 | Three extractions under local anaesthesia at same session | 4.50 |
| 504 | Four extractions under local anaesthesia at same session | 6.00 |
| 505 | Five extractions under local anaesthesia at same session | 7.50 |
| 506 | Six extractions under local anaesthesia at same session | 9.00 |
| 507 | Seven extractions under local anaesthesia at same session | 10.50 |
| 508 | Eight extractions under local anaesthesia at same session | 12.00 |
| 509 | Nine extractions under local anaesthesia at same session | 13.50 |
| 510 | Ten extractions under local anaesthesia at same session | 15.00 |
| 511 | Eleven extractions under local anaesthesia at same session | 16.50 |
| 512 | Twelve extractions under local anaesthesia at same session | 18.00 |
| 513 | Thirteen extractions under local anaesthesia at same session | 19.50 |
| 514 | Fourteen extractions under local anaesthesia at same session | 21.00 |
| 515 | Fifteen extractions under local anaesthesia at same session | 22.50 |
| 516 | Sixteen extractions under local anaesthesia at same session | 24.00 |
| 517 | Seventeen extractions under local anaesthesia at same session | 25.50 |
| 518 | Eighteen or more extractions under local anaesthesia at same session | 27.00 |

*Note.*—A lower fee will apply for extraction of exfoliating deciduous teeth; this fee to be at the discretion of the dentist.

600 *Injection therapy:*

| | | |
|---|---|---|
| 601 | Per injection (excluding cost of materials) | 2.00 |

700 *Prosthetic dentistry:*

| | | |
|---|---|---|
| 701 | Full upper *and* lower denture | 63.00 |
| 702 | Full upper *or* lower denture | 31.50 |
| 703 | One tooth partial denture | 13.50 |
| 704 | Two teeth partial denture | 15.75 |
| 705 | Three teeth partial denture | 18.00 |
| 706 | Four teeth partial denture | 20.25 |
| 707 | Five teeth partial denture | 22.50 |
| 708 | Six teeth partial denture | 24.75 |
| 709 | Seven teeth partial denture | 27.00 |
| 710 | Eight teeth partial denture | 29.25 |
| 711 | Nine or more teeth partial denture | 31.50 |
| 712 | Cast gold clasp | 5.40 |
| 713 | Wrought gold wire clasp | 2.70 |
| 714 | Stainless steel wire | 2.25 |
| 715 | Lingual bar or palatal bar (stainless steel) | 5.40 |
| 716 | Rebase, per denture | 10.80 |
| 717 | Remodel, per denture | 16.20 |
| 718 | Self-cure reline, per denture | 5.85 |
| 719 | Soft-base reline, per denture | 18.00 |
| 720 | Bite plate | 13.50 |
| 721 | Repair fracture or crack | 3.35 |
| 722 | Reset tooth | 3.35 |
| 723 | Replace with new tooth | 3.80 |
| 724 | Additional items to repair | 1.45 |
| 725 | Repair involving taking impression, additional fee | 1.90 |

800 *Conversative dentistry:*

| | | |
|---|---|---|
| 810 | Endodontics | |
| 811 | Direct pulp capping | 2.00 |
| 812 | Vital amputation of pulp (pulpotomy) | 4.00 |
| 813 | Mortal amputation of pulp (mummification) | 2.50 |
| 814 | Root canal therapy | 8.00 |
| 815 | Each additional canal | 5.00 |
| 816 | Additional visits—per visit | 2.50 |
| | Up to a maximum | 10.00 |
| 817 | Bacteriological examination, per sample per canal where done by dentist | 1.45 |
| 820 | Plastic restorations | |
| 821 | One surface | 2.75 |
| 822 | Two surfaces | 3.60 |
| 823 | Three surfaces | 4.50 |

| | | R |
|---|---|---|
| 503 | Drie ekstraksies onder plaaslike verdowing by dieselfde sessie | 4.50 |
| 504 | Vier ekstraksies onder plaaslike verdowing by dieselfde sessie | 6.00 |
| 505 | Vyf ekstraksies onder plaaslike verdowing by dieselfde sessie | 7.50 |
| 506 | Ses ekstraksies onder plaaslike verdowing by dieselfde sessie | 9.00 |
| 507 | Sewe ekstraksies onder plaaslike verdowing by dieselfde sessie | 10.50 |
| 508 | Ag ekstraksies onder plaaslike verdowing by dieselfde sessie | 12.00 |
| 509 | Nege ekstraksies onder plaaslike verdowing by dieselfde sessie | 13.50 |
| 510 | Tien ekstraksies onder plaaslike verdowing by dieselfde sessie | 15.00 |
| 511 | Elf ekstraksies onder plaaslike verdowing by dieselfde sessie | 16.50 |
| 512 | Twaalf ekstraksies onder plaaslike verdowing by dieselfde sessie | 18.00 |
| 513 | Dertien ekstraksies onder plaaslike verdowing by dieselfde sessie | 19.50 |
| 514 | Veertien ekstraksies onder plaaslike verdowing by dieselfde sessie | 21.00 |
| 515 | Vyftien ekstraksies onder plaaslike verdowing by dieselfde sessie | 22.50 |
| 516 | Sestien ekstraksies onder plaaslike verdowing by dieselfde sessie | 24.00 |
| 517 | Sewentien ekstraksies onder plaaslike verdowing by dieselfde sessie | 25.50 |
| 518 | Agtien of meer ekstraksies onder plaaslike verdowing by dieselfde sessie | 27.00 |

*Nota.*—'n Laer fooi sal van toepassing wees ten opsigte van die ekstraksie van afskilferende kindertande. Hierdie fooi sal volgens die tandarts se diskresie wees.

600 *Inspuitingsterapie:*

| | | |
|---|---|---|
| 601 | Per inspuiting (uitsluitende koste van materiale) | 2.00 |

700 *Protetika:*

| | | |
|---|---|---|
| 701 | Volle bo *en* onder kunsgebitte | 63.00 |
| 702 | Volle bo *of* onder kunsgebit | 31.50 |
| 703 | Een tand gedeeltelike kunsgebit | 13.50 |
| 704 | Twee tande gedeeltelike kunsgebit | 15.75 |
| 705 | Drie tande gedeeltelike kunsgebit | 18.00 |
| 706 | Vier tande gedeeltelike kunsgebit | 20.25 |
| 707 | Vyf tande gedeeltelike kunsgebit | 22.50 |
| 708 | Ses tande gedeeltelike kunsgebit | 24.75 |
| 709 | Sewe tande gedeeltelike kunsgebit | 27.00 |
| 710 | Ag tande gedeeltelike kunsgebit | 29.25 |
| 711 | Nege of meer tande gedeeltelike kunsgebit | 31.50 |
| 712 | Gegote goudklammer | 5.40 |
| 713 | Gevormde goue draadklammer | 2.70 |
| 714 | Vlekvrye staaldraad | 2.25 |
| 715 | Linguale stang of palatale stang (vlekvrye staal) | 5.40 |
| 716 | Herbasering, per kunsgebit | 10.80 |
| 717 | Hermodelleer, per kunsgebit | 16.20 |
| 718 | Selfverhardende akriel opvulling, per kunsgebit | 5.85 |
| 719 | Sagte basis opvulling, per kunsgebit | 18.00 |
| 720 | Bytplaat | 13.50 |
| 721 | Herstel breuk of kraak | 3.35 |
| 722 | Herset tand | 3.35 |
| 723 | Vervang met nuwe tand | 3.80 |
| 724 | Bykomstige items om te herstel | 1.45 |
| 725 | Herstelling waar afdruk benodig word, bykomstige fooi | 1.90 |

800 *Konserverende tandheelkunde:*

| | | |
|---|---|---|
| 810 | Endodonsie | |
| 811 | Direkte pulpa, oorkapping | 2.00 |
| 812 | Amputasie van vitale pulpa (pulpotomie) | 4.00 |
| 813 | Mummifikasie | 2.50 |
| 814 | Wortelkanaalbehandeling | 8.00 |
| 815 | Elke bykomstige kanaal | 5.00 |
| 816 | Bykomstige besoeke, per besoek | 2.50 |
| | Tot 'n maksimum van | 10.00 |
| 817 | Bakteriologiese ondersoek, per monster per kanaal waar deur tandarts uitgevoer | 1.45 |
| 820 | Plastiese Herstellings | |
| 821 | Een-vlak | 2.75 |
| 822 | Twee-vlak | 3.60 |
| 823 | Drie-vlak | 4.50 |

*Rule* 009 *of general rules governing the tariff applies to this section.*

*Note.*—Treatment under this section shall be by arrangement between the dentist and the patient on a private fee basis. If the account is paid in full by the Medical Scheme the fee will be adjusted to the tariff fee which will then apply.

| | | R |
|---|---|---|
| 900 | *Inlays, crowns and bridges:* | |
| 901 | Gold inlay, one surface | 8.50 |
| 902 | Gold inlay, two surfaces | 14.00 |
| 903 | Gold inlay, three surfaces | 18.00 |
| 904 | Base metal inlay, one surface | 6.80 |
| 905 | Base metal inlay, two surfaces | 11.20 |
| 906 | Base metal inlay, three surfaces | 14.40 |
| 907 | Three-quarter gold crown | 18.00 |
| 908 | One surface gold foil or porcelain inlay | 11.00 |
| 909 | Two surface gold foil or porcelain inlay | 16.00 |
| 910 | Porcelain jacket crown | 32.50 |
| 911 | Porcelain jacket fused to metal | 39.50 |
| 912 | Porcelain jacket on gold post | 36.00 |
| 913 | Acrylic jacket crown | 22.50 |
| 914 | Acrylic post crown | 24.50 |
| 915 | Acrylic veneered gold crown | 36.00 |
| 916 | Full cast gold crown | 34.00 |
| 917 | Facing and backing crown | 31.00 |
| 918 | Facing replacement | 5.50 |
| 919 | Bridgework, per pontic | 22.50 |
| | Bridge retainers as above. | |

*The fees in respect of the following sections shall be "by arrangement" in terms of* 010 *of general rules governing the tariff.*

930 *Maxillo-facial and oral surgery.*
997 *Orthodontics.*
998 *Prosthetics, metal base dentures.*

*General anaesthetics.*

(According to "Tariff of fees in respect of Medical Services" *Govt. Gazette Extraordinary* No. 1834 (Regulation Gazette No. 835) of 1 September 1967, Section 14—015 to 018).

| | | R |
|---|---|---|
| 015 | Extractions up to five teeth— | |
| | Adults | 6.90 |
| | Children | 4.90 |
| 016 | More than five teeth— | |
| | Adults | 6.90 |
| | Children | 6.90 |
| 017 | Impacted wisdoms; Conservative work; Unerupted or impacted teeth— | |
| | Usual time basis—up to 45 minutes | 6.90 |
| | up to 60 minutes | 9.90 |
| | For every additional 15 minutes | 1.70 |

*Reël* 009 *van die algemene reëls wat ten opsigte van die tarief geld, is op hierdie afdeling van toepassing.*

*Nota.*—Behandeling onder hierdie afdeling sal volgens ooreenkoms tussen die tandarts en die pasiënt op 'n private fooi grondslag wees. Indien die rekening ten volle deur die mediese skema betaal word, word die fooi by die toepaslike geldetarief aangepas.

| | | R |
|---|---|---|
| 900 | *Inlegsels, krone en brûe:* | |
| 901 | Goud-inlegsel, een-vlak | 8.50 |
| 902 | Goud-inlegsel,twee-vlak | 14.00 |
| 903 | Goud-inlegsel,drie-vlak | 18.00 |
| 904 | Metaalbasis-inlegsel, een-vlak | 6.80 |
| 905 | Metaalbasis-inlegsel, twee-vlak | 11.20 |
| 906 | Metaalbasis-inlegsel, drie-vlak | 14.40 |
| 907 | Goue drie-kwart kroon | 18.00 |
| 908 | Een-vlak goud-folie- of porselein-inlegsel | 11.00 |
| 909 | Twee-vlak goud-folie- of porselein-inlegsel | 16.00 |
| 910 | Porselein dopkroon | 32.50 |
| 911 | Porselein fineer metaalkroon | 39.50 |
| 912 | Porselein dopkroon op goue stif | 36.00 |
| 913 | Akriel dopkroon | 22.50 |
| 914 | Akriel stifkroon | 24.50 |
| 915 | Akriel fineer goue kroon | 36.00 |
| 916 | Volle gegote goue kroon | 34.00 |
| 917 | Gesigs- en rugstuk kroon | 31.00 |
| 918 | Vervanging van gesigstuk | 5.50 |
| 919 | Brugwerk, per foptand | 22.50 |
| | Brug-ankers soos hierbo | |

*Die fooie ten opsigte van die volgende dele sal „volgens ooreenkoms" wees ingevolge* 010 *van die algemene reëls wat ten opsigte van die tarief geld.*

930 *Kaak-, gesigs- en mondchirurgie.*
997 *Ortodonsie.*
998 *Protetika, metaalbasis kunsgebit.*

*Algemene narkose.*

(Volgens "Geldetarief ten opsigte van mediese dienste". *Buitengewone Staatskoerant* No. 1834—Regulasiekoerant No. 835 van 1 September 1967, Deel 14—015 tot 018).

| | | R |
|---|---|---|
| 015 | Ekstraksies, tot vyf tande— | |
| | Volwassenes | 6.90 |
| | Kinders | 4.90 |
| 016 | Ekstraksies, meer as vyf tande— | |
| | Volwassenes | 6.90 |
| | Kinders | 6.90 |
| 017 | Geknelde verstandtande; Konserverende werk; Tande wat nie uitgekom het nie of geknel is— | |
| | Gewone tyd-basis—tot 45 minute | 6.90 |
| | tot 60 minute | 9.90 |
| | Vir elke bykomstige 15 minute | 1.70 |

No. 2271 6 December 1968

The State President has been pleased to approve on 25 October 1968, the raising of the status of the Belgian Vice-Consulate in Windhoek to that of a Consulate and to grant recognition to Mr Heinrich Oswald Neidhardt as Honorary Consul of Belgium in Windhoek with the Territory of South-West Africa, with the exception of the towns of Walvis Bay and Swakopmund, as his area of jurisdiction, in anticipation of the issuance to him of an Exequatur.

No. 2271 6 Desember 1968

Dit het die Staatspresident behaag om op 25 Oktober 1968 goed te keur dat die status van die Belgiese Visekonsulaat in Windhoek verhef word na dié van 'n Konsulaat en erkenning te verleen aan mnr. Heinrich Oswald Neidhardt as Erekonsul van België in Windhoek met die gebied Suidwes-Afrika, met uitsondering van die dorpe Walvisbaai en Swakopmund, as sy regsgebied, in afwagting van die uitreiking aan hom van 'n Exequatur.